K – WKOD-riglyn:
Beheer van veiligheid by koshuise gedurende Covid-19

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	WKOD-riglyn: Bylae K: Beheer van veiligheid by koshuise gedurende Covid-19	
Bylae K: WKOD-riglyn	Uitgereik: 22 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-22

K: WKOD-RIGLYN: BEHEER VAN VEILIGHEID BY KOSHUISE GEDURENDE COVID-19

1. Doel

Hierdie riglyne is bedoel om skole en koshuisbestuur voor te berei vir die terugkeer van leerders na koshuise toe en hoe om die koshuisomgewing gedurende Covid-19 te beheer.

2. Voorbereiding vir die terugkeer van leerders na die koshuis

2.1 Koshuise moet skoongemaak word voordat leerders terugkeer. Kyk asseblief Bylae E – WKOD-riglyn: Die skoonmaak van skole en handhawing van higiëne.
2.2 Kamers moet voorberei word, met inagneming van fisieke afstandsmaatreëls.
2.3 Kamers wat uitsluitlik vir slaap bedoel is, moet voorberei word. Maak seker dat beddens in kamers ten minste 2 meter van mekaar af staan.
2.4 Handreiniger of vloeibare seep om hande mee te was, moet ten alle tye aan leerders vir gebruik beskikbaar gestel word.
2.5 Maak seker dat daar geriewe by die koshuis is waar 'n leerder of koshuispersoneellid afgesonder kan word, indien nodig.
2.6 Daar moet gereël word vir geskikte plek(ke) vir leerders om onder toesig te studeer of huiswerk te doen sodat sosiale afstand gehandhaaf kan word.
2.7 Beplan roosters vir die gebruik van badkamergeriewe in die oggend en aand.
2.8 Reël verspreide etenstye vir leerders om opeenhoping in die eetkamergeriewe te voorkom. Oorweging moet gegee word aan getalle en sitplekreëlings terwyl daar geëet word.
2.9 In die aanvanklike terugkeerfases van leerders na die koshuis toe, kan daar in ag geneem word dat dit nodig is om kamers toe te wys sodat leerders so veel as moontlik van mekaar geskei word.

3. Wanneer leerders terugkeer

3.1. Alle leerders en koshuispersoneel moet gesif word met hulle aankoms by die koshuis. (Kyk asseblief Bylae D – WKOD-riglyn: Sifting van personeel en leerders.)
3.2. Koshuispersoneel moet elke oggend gesif word.
3.3. Alle inligting wat deur sifting ingesamel word, moet aangeteken word.
3.4. Sifting by koshuise is afsonderlik van sifting by die skool, d.w.s., koshuisleerders moet ook elke oggend gesif word as hulle skool toe gaan.
3.5. Leerders moet oor gesondheid en veiligheid in die koshuis gedurende die pandemie georiënteer word. (Kyk asseblief Bylae C – WKOD-riglyn: Oriëntering van personeel en leerders.)
3.6. Leerders by koshuise moet ten alle tye 'n veilige afstand van mekaar af handhaaf.
3.7. Leerders moenie ander kamers besoek nie.
3.8. Leerders moenie in groepe in kamers bymekaarkom nie.

3.9. Leerders moet onder toesig studeer of huiswerk doen, in 'n geskikte omgewing wat fisieke afstand handhaaf.
3.10. Leerders moet voldoen aan die roosters wat voorberei is vir die gebruik van badkamergeriewe in die oggend en aand.
3.11. Leerders moet voldoen aan verspreide etenstye.
3.12. Leerders hoef nie maskers binne die koshuis te dra nie, maar moet dit dra as hulle die koshuis verlaat.
3.13. Leerders moet geleer word hoe om hulle maskers te was en daarna te kyk. Indien moontlik, moet koshuisleerders 'n derde masker hê wat gebruik kan word.
3.14. Leerders moenie mekaar se maskers dra nie.
3.15. Personeel wat nie in die koshuis woon nie, moet elke dag met hul aankoms gesif word en ten alle tye maskers dra.
3.16. Kombuispersoneel moet persoonlike beskermingstoerusting dra as hulle kos voorberei en leerders kos gee.
3.17. Leerders en personeel moet handdrukke, omhelsings en direkte aanraking vermy.
3.18. Indien 'n leerder of personeellid siek word, moet die skool die riglyne in Bylae L – WKOD-riglyn: Beheer van Covid-19-gevalle in skole volg.
3.19. Die prinsipaal moet onmiddellik ingelig word as 'n leerder, opvoeder of koshuispersoneellid in direkte aanraking met 'n bevestigde Covid-19-geval was, of as hulle met Covid-19 gediagnoseer is.
3.20. As leerders oor naweke by die huis was, moet hulle met hul terugkoms gesif word.

4. As daar 'n vermoedelik Covid-19-geval in die koshuis is

4.1. Indien 'n koshuisleerder simptome van Covid-19 toon, moet die leerder afgesonder word totdat hulle opgelaai of huis toe geneem kan word.
4.2. Ouers/voogde van die leerder moet onmiddellik in kennis gestel word.
4.3. Wanneer die leerder opgelaai word, moet die ouer inligting ontvang oor wat om te doen as 'n leerder simptome van Covid-19 toon.

5. As daar 'n bevestigde geval van Covid-19 in die koshuis is

5.1. Die prinsipaal moet onmiddellik alle bevestigde gevalle by die kringbestuurder/distriksdirekteur aanmeld, asook inligting oor die geval, soos:
- Wanneer laas was die leerder by die skool of in die koshuis?
- Met wie het hulle 'n kamer gedeel?
- Met wie was hulle in **direkte** aanraking?
- En met wie was hulle in **terloopse** aanraking?

5.2. 'n Assessering van die koshuis sal deur die Departement onderneem word in samewerking met die prinsipaal en die Departement van Gesondheid. Die skool sal van raad bedien word oor stappe wat gedoen moet word. Dit mag die volgende insluit:

- Leerders (of party leerders) mag in die koshuis vir 'n tydperk van tot 14 dae afgesonder word.
- Dele van die koshuis mag gesluit en ontsmet word.
- Die koshuis mag gesluit en ontsmet word, waarná dit mag heropen.

5.3. Onthou dat slegs die Hoof van die Departement by magte is om die sluiting van 'n onderwysinrigting te magtig, Die Hoof van die Departement sal deur die Departement van Gesondheid geadviseer word.